Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

31 Augustus 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
(Nagmaal)
Skriflesing: 1 Konings 19:19-21; 2 Konings 2:1-18; Lukas 11:9-13
Teks: 2 Konings 2:9-10
Sing: Ps. 33:1,11; Ps. 145:10,12; Ps. 89:6; Ps. 23:3; Ps.116..Sb.14:1,2 (8-1)

DUBBELE DEEL VAN ELIA SE GEES

Sou u uit hierdie Nagmaal begeer, om die Koninkryk in u lewe sterker te sien kom. Om nog meer God se wil en Koninkryk te soek, om reg te maak dit wat tussen God en u kortkom en vir die Here te bly vra, dat sy Heilige Gees my lewe nog meer sal volmaak.

KATKISASIE– Geen katkisasie vandag
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS
(Nabetragting)
Skriflesing: Genesis 37
Teks: Genesis 37:23-24
Sing: Ps.66:7; Ps. 119:25; Ps. 105:10,11

TWEE BESITTINGS UIT JOSEF SE LEWE

Twee besittings uit Josef se lewe is van besondere belang om die geskiedenis van Josef beter te verstaan. Die eerste was Josef se mooi lang rok, wat Jakob vir hom gekoop het en die tweede was sy pragtige silwerbeker wat hy in Egipte in die sak van sy jongste broer laat sit het. Die rok was gebruik om sondes te bedek. Die beker was gebruik om sondes oop te vlek.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/Tetto1
Ds. Petrus is betrokke by ‘n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 22 en 23(sluit in susters skinkbeurt)
Ouderlinge: Koos Venter
Diakens: Michiel Venter
Diensbeurt (07/09) (Wyke 24 en 25)
Ouderlinge: Johan de Jonge; Willie J/v Rensburg
Diakens: Johan du Plooy; Marinus Lorist

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Joey Klomp is aan die begin van die week oorlede. Sy is reeds veras. Ons bid haar kinders, familie en geliefdes die troos van die Heilige Gees toe. **Br Willie Buys** se gesondheid is steeds nie goed nie. Ons vertrou dat daar spoedig vir hom beterskap mag kom. Ons dink ook in ons gebede aan **sr Ansie Putter** wie se dogter in Amerika baie ernstig siek is. Mag die Here gee dat die behandeling mag slaag en daar vir haar genesing mag wees. Ons bly in ons gebede aan **br Dries de Ridder** dink. Die swaar het alles te make ook met die op-en afbeweeg van sy gesondheid. Ons dink ook aan **sr Alta de Ridder** wie se' rug baie probleme gee en dit moet oorweeg of n operasie sal kan plaasvind of nie. **Br Flip Minnaar** het die laaste tyd baie las met sy voet. Ons vertrou dat die medikasie en behandeling dit beter sal maak. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

BESKUITPROJEK

Al ons lidmate 70+ se beskuitpakkies is gereed. Daar is al ruim die afgelope 2 weke hiervan uitgedeel. Die wat nog nie gekry het nie kan tussen die twee dienste dit in die kombuis kom afhaal.

EREDIENSTE EN AMPSWERK

In die tyd van ds. Venter se afwesigheid is ons dankbaar dat daar vir elke Sondag predikante gereël kon word vir die eredienste. Veral ds. Hannes Noëth tans mede-leraar in Gerf kerk Totiusdal en uitvoerende hoof by die Gereformeerde skool Dirk Postma sal die meeste van die eredienste waarneem. Ons is hom in besonder dankbaar en sien uit na die tyd wat hy hier sal kan voorgaan. Vir enige ander nood en dringende sake in die gemeente kan u u ouderling kontak. Die Here het hulle in besonder geroep en toegerus om as wagters en herders in sy kudde werksaam te wees.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger Kinderhuis DVB	Emeritaats-fonds Instand-houding
07/09/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
31/08	Nagmaal en nabetragting
01/09-21/11	Ds. Venter langverlof

BEGRAAFPLAAS-HERSTEL

Die kerkraad het goedgekeur dat daar daadwerklik nou fondse bekom moet word om die begraafplaas van ons voorouers naby die Pienaarsrivier te herstel. Ons het die projek na al die nabygeleë gemeentes in Pretoria deurgee, maar die verwagting is dat ons as gemeente ons deel ook sal bydra om dit in ere te herstel. Besoek gerus ons webblad by http://bit.ly/1q8Aq4h Al die inligting is daar beskikbaar en ook die wyse waarop geldelik bygedra kan word. Ons hoop dat ons as gemeente daadwerklik sal kan help om die plek van die eerste erediens in Pretoria en dan veral hierdie oudste grafte weer "heel te maak".

ETE NA NAGMAAL+ SÊ TOTSIENS

Die kerkraad het op versoek van gemeente samekoms-kommissie goedgekeur dat ons gemeente ete ná eerskomende Nagmaal (31 Aug. 2014) die jaar se afsluit-funksie sal wees. Ds. Venter en egg vertrek Woensdag vir 6 weke oorsee en oudl. Andries du Plessis vir baie jare ons skriba en steunpilaar gaan ook uit gemeente vertrek waar hulle na Paarl verhuis. Ons afsluitfunksie is dan ook ''n totsiens-geleentheid.

Ons gaan saam vleis vanaf 'n spit eet. **Almal bring net hulle eie eetgerei en drinkgoed wat 'n massa skottelgoed sal voorkom**.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 19

In `n artikel oor dwalings, wys Totius daarop dat die Metodisme ook vir nóú `n wedergebore wêreld soek, waar álle mense aan deel het. Hulle hou nie met die uitverkiesing deur God (en die verwerping ook) rekening nie. So sal daar baie telurstelling kom. Dit is waarom die geesdrywers voortdurend met groot "revivals" kom, en telkens erg teleurgestel word as so vele weer afval uit hulle tyd -geloof.

Hoewel ons sien hoedat die skepping self ook deur die mensdom bouvallig geword het, moet ons aanhou herstelwerk doen "met alle middele tot ons beskikking, totdat die dag kom dat God self die aarde sal vernuwe." Ons het `n roeping om die aarde te regeer – nie te verwoes nie. Bewaar en gebruik met matigheid. *Die Christendom is egter ook "geen wêreldverbeteraar in die gewone sin van die woord nie." Teenoor die Humanistiese misplaaste optimisme om die wêreld te wil verbeter, is ons eerste taak* ***om getuies te wees****.* Hierdie woorde van Jesus kan ons ook voorhou aan die voorspoeds-godsdienste, soos Rema. Hulle hele geloof gaan om stoflike voorspoed. As jy nie kry waar jy om bid nie, is jou geloof te klein. In hulle ergste vorms glo hulle selfs mediese hulp behoort nie gebruik te word nie. Dit sou dan ook kleingeloof wees.

Ons verwagtinge moet gerig wees op die voleinding, waar ons veel meer sal geniet as die hoogste goed wat mens nou kan verkry.

MATTHEüS 20

20:1, Want – Die woorde van Christus, waarmee die vorige hoofstuk afsluit, was nie die einde van wat Hy die Dissipels oor die Koninkryk wou leer nie,en Hy gaan voort met die volgende gelykenis. Hy versterk die waarskuwing wat reeds gegee is. Hier sien Hy op die Kerk as die Koninkryk, beide die strydende Kerk op aarde en die triomferende Kerk in die hemel.

Arbeiders - Ons word vergelyk met arbeiders, en "**`n huisheer**" teken God se soewereine beskikking. Die skeppingsopdrag van God aan die mens moet hier in gedagte gehou word: bewerk en beheers die skepping.

Hy was steeds besig om die vraag te beantwoord oor wie die grootste in die Koninkryk is (**18:1**), asook Petrus se vraag van wat nou vir hulle daarin is 9**19:27**), omdat hulle alles laat staan het om Hom te volg.

Wingerd – Terwyl `n wingerd dikwels gebruik was as beeld vir Israel (bv Jes 5) of later vir die Kerk, wil sommiges meen dat Jesus net van die Apostels en die latere bedienaars van die Kerk praat as die arbeiders. Hy is immers besig om die Dissipels te antwoord. Die beginsel van genadeloon wat Hy stel is egter net so van toepassing op enige kind van God.

20:2, penning – Dit was gelyk aan een Romeinse *denarius,* nege van ons "pennies" in die 1950's (toe dit ongeveer die prys van een brood was. Teen huidige pryse sal dit sowat R12 tot R14 wees). Hierdie was die gebruiklike dagloon vir hande-arbeiders en soldate.

Die gebruik was dat eers afgespreek word oor die vergoeding.

20:3-6, derde uur . . . sesde . . . ens. – Die Jode het die dag van sonop tot sonder in twaalf verdeel. Korter en langer dae is nie onderskei nie, en hulle berekening het rofweg geduur vir wat ons vandag sal beskou as 06:00 tot 18:00. Die dele van die dag wat Jesus gebruik vir die gelykenis beteken dat mens kan verwag dat die baas almal sal vergoed vir hoeveel kwarte van die werksdag hulle besig was.

Dit kan dalk ook gesien word om te dui op die gelowiges wat uit alle eeue bygevoeg word by die Koninkryk van God, maar Jesus gebruik dit eerder om te kom by die vraag na die grootte van vergoeding. Party het langer gewerk as ander. Dit kan ook moontlik gesien word in die lig van die meer diens (en lyding) van sommige gelowiges teenoor ander. Ons moet egter oppas om nie te maklik betekenisse by te lees nie.

Ledig . . . wat staan ? (v 6) – Die vraag van die werkgewer aan die laaste groep is waarskynlik om aan te dui dat hulle nie al vroeër daar was, toe hy die ander gehuur het nie. Jesus beantwoord nie Self Sy gebruik van die vraag in die gelykenis nie, maar dit kan die indruk skep dat Hy dui op die wat nie so ywerig en gereed was in die werk van die Koninkryk nie. Dit sal egter net spekulasie afgee om hieroor te redeneer, behalwe as mens wil terugval op die redenasie dat Jesus gesê het dat dit met sommiges ligter sal gaan in die oordeel as met ander (bv met Tirus en Sidon). God besluit wel oor wie aan Sy regter-en linkerhand sal sit, soos in **v 23** aangedui. Oor wat in die Koninkryk volg, weet ons egter nie. Elkeen se wens moet net wees om "by die HERE" te wees (2 Kor 5:8) . . . liewer `n drumpelwagter in Sy tent as ydele vreugde in sondaarstent.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

24 Aug. 1572– Barthlomeusnag; *24 Aug. 1801–* Ds. Daniel Lindley gebore; *24 Aug. 1958–* Adv JG Strijdom oorlede; *25 Aug. 1688–* Aankoms van die eerste Hugenote; *26 Aug. 1914–* Nasionale Party word gestig; *26 Aug. 1919–* Dood van genl. Louis Botha; *27 Aug. 1933–* Eerste Afrikaanse Bybelvertaling on gebruik geneem; *28 Aug. 1799–* Susanna Smit (egg Errasmus Smit suster van genl. Maritz) gebore; *28 Aug. 1887-* Jopie Fourie gebore; *29 Aug. 1688–* Ds. Pierre Simond sluit hom by Hugenote aan; *30 Aug. 1864-* Siener van Rensburg gebore

BEROEPENUUS EN KERKE NUUS— 24 en 31 Aug. 2014
Beroepe ontvang-
Ds. SP Venter van Pietersburg na Phalaborwa
Beroepe aanvaar-
Dr. PJ (Flip) Buys as Internasionale Uitvoerende direkteur van World Reformed Fellowship
Beroepe bedank
Ds. J.C. van Dyk van Ventersdorp na Tsumeb
Ds. GS Kruger van Centurion na Nylstroom

"PILAAR EN GRONDSLAG VAN DIE WAARHEID" (6) - P Niemeijer
Vervolg van verlede week

Waak rondom die waarheid

Die kerk van Christus is pilaar en grondslag van die waarheid. Dit geld van die algemene kerk van alle tye en plekke: al die heiliges tesame. Maar Paulus skryf hier aan Timoteus met die oog op die plaaslike gemeente in Efese waar Timoteus is, met haar opsieners en diakens. Die konkrete gemeente is pilaar en grondslag van die waarheid. Sy moet die waarheid wat van Bo kom, liefhê en haar in diens daarvan stel. Sy moet die waarheid bewaar en daaraan ruimte bied om sy werk te doen. Dááraan word haar kerklike lewe gemeet: hoe het sy, nie haar eie waarhede nie, maar die waarheid gedra en ondersteun? Aan die vraag ontkom ook geen geformeerde kerk nie! Die Here self waak oor sy Woord en die voortgang daarvan. Gelukkig! Dit is die onwankelbare troos van die kerk wanneer golwe van dwaling dreig om oor haar heen te slaan.
Vervolg

KRUGERDAG-VIERINGE 10 Oktober 2014

Hierdie jaar is die Krugergenootskap 75 jaar oud. Hulle beplan besondere geleenthede vir die vieringe hierdie jaar. Hulle het ook laat weet dat hulle graag 'n oop uitnodiging tot ons as gemeente rig in alles wat rondom die 10 de Oktober beplan word. Hou gerus die kennisgewingbord dop en ons sal ook afkondig dit wat die besondere geleenthede hierdie jaar beloof om te wees.

Vandag – Willem du Plooy (jr.) 0822115097	04/09– Heila J/v Rensburg 0727306953
Vandag – Amiré Riekert 0844877287	04/09– Maryna Theunissen 0836555336
01/09– Marius Coertze 0820578400	*05/09- Louw Aucamp* *0823242697*
01/09– Dawie de Bruin 0832593772	05/09– Ria Fanoy 0826517100
02/09– Albert Schmidt 0763903719	05/09– Jaco Viljoen 0765546527
02/09– Andrike von Stade 0840744498	06/09– Annetjie Engelbrecht 0827055043
04/09– Dries de Ridder *0825307844*	07/09– Jan Fanoy 0836419742
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag!

Hoeveel lekkerder tog is die gegunde plek in die skotskar as die ongegunde in die koets – CJ Langenhoven